

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| September 2017 Uitgawe 2

EC youth sail to their dreams

NINETY-SEVEN youngsters took to the sea with MSC Cruises to gain work experience and increase their maritime skills.



Get ready for 2018!

Page 8



Human trafficking victim speaks out

Page 11



■ The Eastern Cape Maritime Youth Development Programme gives the youth skills and creates jobs in the maritime sector.

Joint partners in the initiative are the South African Maritime Safety Authority (SAMSA), the Eastern Cape Provincial Government and Harambee.

The youngsters were also part of a group of 128 youth who recently completed specialised training in basic marine skills. This is the first group under the MYDP programme in the Eastern Cape, but the second one nationally, since launch of the initiative a year ago.

The SAMSA says marine tourism ranks among the top four subsectors of the country's maritime sector, which is projected to have phenomenal growth in the next two decades.

According to the authority, it contributed R19 billion to the country's GDP in 2013, with projections indicating yields as high as R44 billion in 2020, rising rapidly to R134 billion in 2033, generating between 800 000 and one million jobs.

More than half the youngsters are from Port St Johns, an area that has been targeted this year for a series of maritime sector-related projects in maritime awareness,

● **Cont. page 2**

Siya Miti

Nearly 100 youngster, many from impoverished areas in the Eastern Cape, will be trained in cruise liner hospitality, for nine-months, as part of Operation Phakisa Oceans Economy.

The announcement was made hot on the heels of Cabinet recently approving the Coastal and Marine

Tourism Implementation Plan, which forms part of Operation Phakisa Oceans Economy and aims to grow the economy and boost tourism.

The oceans have the potential to contribute up to R177 billion to the gross domestic product (GDP) and create just over one million jobs by 2033.

A send-off event was held at Port St Johns on Eastern Cape's Wild Coast for the 97

youngsters who have joined MSC Cruises' vessels.

Youth development programme


The Eastern Cape Maritime Youth Development Programme (MYDP), recently launched by Premier Phumulo Masualle, is a government, private sector and non-governmental organisation initiative, to equip the youth with skills and create jobs in the maritime sector.

"We all belong to South Africa, and South Africa belongs to us all." OR TAMBO

Life and legacy of **OR TAMBO. 100 YEARS**



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0405

Free Copy

Maak gereed vir 2018!

Aansoeke om finansiële hulp aan alle Graad 12-leerders, insluitend jong mense wat al uit die skool is en werklose jeugdige asook studente in openbare universiteite en tegniese en beroepsonder-

wys- en opleidingskolleges (TVET), het op 1 Augustus geopen.

Jeugdige wat kwalifiseer om die naskoolse onderwysstelsel te betree, maar dit nie kan bekostig om hul studies te finansier nie, kan voor die slui-

tingsdatum van 30 November 2017 aansoek doen.

Die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) het 'n vennootskap met die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) gesluit om studente in staat

te stel om by enige van die 15 NYDA-takke landwyd of by meer as 50 plaaslike jeugkantore aansoek te doen.

Die plaaslike jeugkantore is by regeringsgekantore in al nege provinsies geleë, wat dit vir jeugdige wat nie toegang

tot die internet het nie makliker maak om aansoek te doen vir befondsing.

Die vennootskap het ook korttermyn-indiensneming geskep vir 115 voorheen werklose gegradueerdes uit al nege provinsies.

Hoe om aansoek te doen



- Studente kan eerstens op die NSFAS-webwerf (www.nsfas.org.za) aanteken, waar hulle gevra sal word om te registreer en 'n rekening te skep. Daarna kan hulle die aanlynaansoekvorm voltooi en elektronies indien.
- Tweedens kan hulle na enige NYDA-tak of na 'n jeugkantoor in hul streek gaan, waar hulle gehelp sal word om 'n geskrewe aansoek te voltooi en in te dien.
- Aansoekers moet gesertifiseerde afskrifte van ondersteunende dokumente by hulle hê voordat hulle met die aansoekproses begin, ongeag of hulle aanlyn aansoek doen of 'n handgeskrewe aansoek indien.



Voordat jy aansoek doen

Voordat studente aansoek doen, moet hulle weet watter kursus hulle wil volg en by watter openbare universiteit/TVET-kollege hulle wil studeer, aangesien dit op die aansoekvorm aangedui moet word.

Maak seker dat jy elektroniese en gesertifiseerde afskrifte van die volgende het:

- Suid-Afrikaanse identiteitsdokument (ID) of ID-kaart of 'n volledige (onverkorte) geboortesertifikaat.
- ID's van ouers en/of voogde (of doodsertifikaat waar van toepassing).
- ID's van elke persoon wat saam met jou in die huis woon.
- Betaaladvies/diensbrief/pensioenadvies (nie ouer as drie maande nie).



Wat om te doen:

Laai die toestemmingsvorm af, vul dit in en laat jou ouer/voog dit onderteken.

Aansoeke waarby daar nie 'n toestemmingsvorm aangeheg is wat deur al die persone onderteken is wie se inkomste in die aansoek verklaar is nie, sal nie aanvaar of oorweeg word nie.

As jy 'n gestremdheid het, moet jy asseblief die Ongeskiktheidbylae A aflaai

en invul.

As jy jou selfoonnommer op die aansoekvorm aandui, moet jy seker maak dat dit werk en dit nie later verander nie, aangesien die NSFAS dit sal gebruik om tydens en na die aansoekproses met jou te kommunikeer. Moenie iemand anders se selfoonnommer as jou kontaknommer gee nie.

Jy sal ook 'n e-posadres nodig hê. As jy nie 'n e-posadres het nie, kan jy maklik

een aanlyn skep ('n opsie word verskaf om jou te help om dit te doen).

Moenie aansoek doen nie indien jy:

- Reeds aansoek gedoen en 'n aansoekverwysingsnommer het.
- Nie van voorneme is om aansoek te doen om toelating tot 'n openbare universiteit of TVET-kollege nie.
- Reeds NSFAS-befondsing

vir 2017 het.

- Nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie.
- Aansoek wil doen vir nagraadse studie.

Aansoeke vir nagraadse studie

Slegs studente wat van plan is om die volgende nagraadse kwalifikasies te verwerf, mag aansoek doen:

- B Tech: Argitektuur/Argitektoniese Tegnologie.
- B Tech: Biokinetika/Biomediese Tegnologie/Biotegnologie.
- Nagraadse Onderwysertifikaat.

Studente wat nagraadse studie in enige ander rigtings wil doen, mag nie aansoek doen nie.

Vir meer inligting, besoek: www.nsfas.org.za

Het jy geweet?

Die NSFAS het in 2017 minstens 524 950 studente befonds, waarvan 246 640 by 50 TVET-kolleges en 278 310 by 26 openbare universiteite studeer het.

Slagoffer van mensehandel praat reguit

GRIZELDA GROOTBOOM het vanaf Kaapstad na Johannesburg gereis met die belofte van werk en 'n blink toekoms.

Dineo Mrali en
Noluthando Motswai

Grootboom was slegs 18 jaar oud toe sy na Gauteng gelok is deur 'n vriendin wat vir haar 'n goeie werk belowe het. Sy het gou besef dat dit 'n leuen was en dat sy deur mensehandelaars gelok is.

"Toe ek daar aangekom het, het my vriendin my na 'n huis in Yeoville geneem waar ek vasgebind is. Sy het vir my gesê dit is haar plek, en ek het haar geglo."

Grootboom se beproewing het twee weke lank geduur. Sy is vasgevang in 'n web van prostitusie en haar gevangenes het haar van een provinsie na 'n ander geneem.

"Ek is geleer hoe om te ontklee en het begin om dwelms

te gebruik. Ek kon nie na die polisie gaan nie, omdat ek 'n dwelmgebruiker was," het sy vertel.

Sy is vrygelaat toe haar gevangenes nuwe meisies gewerf het, waarna sy op straat beland het as 'n dwelmverslaafde.

Grootboom, nou 36, het uiteindelik besluit om haarself in 'n dwelmrehabilitasiesentrum te laat opneem.

"Ek was vir 'n jaar in rehab, maar het daarna weer op straat beland omdat ek nie 'n heenkome gehad het nie.

Dit het my omtrent ses jaar geneem om my heeltemal los te maak van dwelms."

Op die ouderdom van 26 is Grootboom na 'n skooling verwys wat vir weggoobas sorg.

"Ek het vir 'n jaar daar gewerk. Daarna het my gees-



Grizelda Grootboom het mensehandel oorleef. Sy ondersteun nou mede-oorlewendes Foto: Grizelda Grootboom

telike reis begin met die Heilsleër (Salvation Army) toe ek die krag bymekaargeskraap het om myself reg te ruk en my lewe ten goede te verander."

Die ervarings en uitdagings

wat op haar pad gekom het, het daartoe gelei dat sy 'n aktivis geword het wat haar nou daarvoor beywer om mense meer bewus te maak van mensehandel.

Grootboom se lewe het

daarna heeltemal verander. Sy ondersteun nou ook mede-oorlewendes wat rehabilitasie ondergaan, en sy het 'n boek geskryf, Exit, wat haar lewe op straat beskryf. **■**

Mensehandel is 'n kriminele oortreding

Dineo Mrali en
Noluthando Motswai

Mensehandel is 'n wêreldwye kriminele oortreding wat talle slagoffers raak.

Misdadigers gebruik verskillende metodes om hul slagoffers te lok, insluitend beloftes van goeie werkgeleenthede.

'n Staatsregadviseur van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Joseph Mogoshane, het gesê gemeenskapslede moet hul naaste tak van die Departement van Arbeid besoek om werksaanbiedinge te verifieer – veral dié van mense buite hul provinsie of land.

"Enige verdagte optrede deur voornemende werkgewers of hul agente moet by die naaste wetstoepassingsagentskap aangemeld word," het Mogoshane gesê.

Hy het bygevoeg dat in sommige gevalle van mensehandel, die mensehandelaars geweld ge-

bruik en hul slagoffers ontvoer.

Mogoshane het beklemtoon dat die Grondwet duidelik bepaal dat niemand aan slawerny, onderdanigheid of dwangarbeid onderwerp mag word nie.

"Die wet het ten doel om mensehandel in al sy vorme omvattend te stuit."

In 'n poging om die plaag van mensehandel te bestry en Suid-Afrika se verpligting ten opsigte van die Verenigde Nasies se Protokol om Mensehandel te Voorkom, Onderdruk en Straf – veral van vroue en kinders – na te kom, het die regering die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel ingestel.

"Die wet het ten doel om mensehandel in al sy vorme omvattend te stuit en voorsiening te maak vir beskerming en hulp aan die slagoffers van mensehandel," het Mogoshane gesê. **■**

Hoe om 'n slagoffer van mensehandel te identifiseer:

- Hulle kan dikwels nie die plaaslike taal praat nie.
- Dit lyk of hulle vasgevang is in hul werk of die plek waar hulle woon.
- Hulle mag kneusplekke en ander tekens van fisiese mishandeling hê.
- Hulle het nie identiteitsdokumente (paspoort, ID-boekie, vlugtelings- of asiëldokumente) nie.

Wenke wat sal help om mensehandel te voorkom:

- Wees versigtig vir mense – mans en vroue – wat sê hulle het werkgeleenthede wat baie geld binne 'n baie kort tyd belooft.
- Leer kinders om versigtig te wees vir volwassenes wat probeer om met hulle vriende te maak, hetsy persoonlik of per selfoon of deur internet-kletskamers.
- Kontak immigrasiebeamptes by die Departement van Binnelandse Sake, wat 'n belangrike rol speel in die voorkoming van oorgrens-mensehandel.
- Meld plekke by die plaaslike owerhede aan waar jy vermoed daar met mensehandel gedryf word, gehou word (byvoorbeeld bordele, plase, fabriek en sjebiens).

Nuttige kontakte:

- SAPD se Stop Misdad-lyn: 08600 10 111 of SMS-misdadlyn: 32211 om mensehandelaars of verdagte aktiwiteite aan te meld.
- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se 24-uur-hulpentrum: 0800 428 428 (tolvry) – inbellers kan met maatskaplike werkers praat vir bystand en berading. Inbellers kan ook 'n maatskaplike werker van die hulpentrum versoek om hulle te kontak deur *120*7867# (gratis) van enige selfoon af te skakel.
- Kinderwelsyn Suid-Afrika: 0861 424453/011 452-4110.
- E-pos: info@childwelfare.org.za